RINGBALL SOUTH AFRICA

www.ringbalsa.co.za

PO Box 35702
(b)
Menlopark
0102

Tel: (012) 426 8292

Cell: 082 797 1580
Fax: 086 656 7885
Email:

letitia@agsa.co.za

RingbalSA/Omsendbrief 9/2014

21 September 2014

Aan Provinsiale federasies
Distrikte
Verenigings

Algemene inligting

1. **Multifunksionele drukker**

   RingbalSA het ‘n huurkontrak met Canon aangegaan vir die langtermynhuur van ‘n multifunksionele drukker. Die drukker kan druk, afrol en skandeer, onder andere, en gaan voortaan die drukkoste betaal aan drukkerye vervang. Om optimaal gebruik te maak van hierdie drukker moet alle provinsiale federasies, distrikte en verenigings die drukker gebruik teen die minimale koste van wat ons per bladsy betaal. Ook provinsiale federasies, distrikte en klubs is meer as welkom om daarvan gebruik te maak teen die fooi wat RingbalSA aan Canon betaal per bladsy na die kwota gratis kopieë

2. **Halfjaarlikse AJV**

   Die halfjaarlikse AJV sal voortaan eers op toernooi gehou word aangesien die geouditeerde finansiële nie betyds klaar sal wees om dit in Junie te hou nie. Op hierdie vergadering sal slegs die finansiële state hanteer word en niks anders nie.

3. **Direkteur: Borgskappe en Bemarking**

   Daar is besluit om die benaming en funksies van die portefeulje skakelbeampte te verander.
   Die pos sal voortaan bekend staan as direkteur: Borgskappe en Bemarking. Bongani Radebe is in hierdie pos aangestel. Baie geluk Bongani, ons glo dat jy ‘n groot bydrae gaan lewer in hierdie portefeulje.

4. **Junior lede vir die UB**

   As gevolg van die groot werkslading in verskeie posisies op die UB is die besluit geneem om twee persone aan te wys wat beskikbaar kan wees vir alle redelike werk wat vanaf UB-lede. Hierdie persone sal nie direk op die UB dien nie en sal nie gekoppel wees aan een spesifieke portfolio nie. Belangstellendes moet asb ‘n kort, dog omvattende, CV vir my aanstuur. Die CV moet ringbal-sake en ook persoonlike inligting insluit. Federasies en distrikte kan ook persone nomineer, solank die persoon beskikbaar is

Letitia Greenberg

Secretary-General